

Wees wakker en bedag vir die verleiding deur die duiwel en jou eie begeertes

Die duiwel het tegniek wat eeue oud is, maar baie effektief vir hom werk. Hy werk homself so ongemerk en stil-stil in die kerk en in jou eie gedagtes in. Dis nie verniet dat hy in Genesis 3 as 'n slang figureer nie. Hy seil so stil, gladweg en ongesiens in jou wêreld in sodat jy dit partykeer nie eers agterkom nie.

In vers 4 beskryf Judas sy werkswyse as “ongemerkt julle midde binnegedring”. Judas het hom gesien inkom in die teenwoordigheid van mense wat nie ware gelowiges was nie en eintlik die werk van die duiwel in die kerk kom doen het. Hy voel hom verplig om die gelowiges/gemeentes aan wie hy skryf, te waarsku teen sy teenwoordigheid in hulle midde. Hy waarsku hulle nie net nie, hy maan hulle ook ernstig om teen hierdie mense op te tree en vir die waarheid van die Woord van God te veg.

Die verleiding wat hier so stilweg die gelowiges van die Here en die waarheid af wou weglei, het basies op twee dinge neergekom. Dit het eerstens daarom gegaan dat geloof misbruik word om mense se eie begeertes te bevredig. Hierdie mense het geglo dat 'n gelowige se gees verhewe en gered was, maar dat sy liggaam heeltemal daarvan losstaan. Daarom was sulke “gelowiges” verhewe bo enige etiese norme. Die gevolg was dat oormatige etery, drinkery en seksuele wanpraktyke aan die orde van die dag was. Die heiliging van gees en liggaam wat Christus deur sy dood vir ons bewerk is, is op hierdie wyse deur hierdie mense verag. In wese is Christus as Verlosser verloën, want sy versoeningswerk vir ons sonde is goedkoop gemaak. Judas wys daarom ook met voorbeelde uit die Ou Testament dat sulke mense deur God veroordeel word en dat hulle nie deel het aan die Koninkryk van God nie.

Is ons nog wakker en bedag op die verleidinge van ons eie begeertes? Hoe maklik kan ons nie onself sekere verkeerde gedrag, woorde of gedagtes verloorloof met die dekmantel dat Christus ons in elk geval sal vergewe nie! Dan doen ons maar net soos hierdie mense! Glo ons nog dat agter die stil, ongemerkte optrede van die duiwel eintlik 'n brullende leeu staan wat ons wil verskeur?

Kom ons maak ook weer vandag erns om te stry vir wat reg is! Kom ons maak ons oë oop om raak te sien hoe ons eie begeertes ons so maklik mislei en hoe dwalinge so maklik lyk na die regte pad om te loop. Onthou, in vers 1 sê God: Hy het jou geroep, het Hy jou lief en in Christus bewaar Hy jou! Wees dan wakker en bedag teen elke gedagte, woord, begeerte of daad wat jou uit daardie veilige ruimte wil wegruk.

Sing: Skrifberyming 15-4:1-5

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)